HOOFSTUK ...

# WELLINGTON KRIEKETKLUB

gebaseer op navorsing deur De Villiers Lategan

Krieket in Wellington is aanvanklik gespeel op die eertydse Die Markplein, tans die Markplein Sentrum. (Pick & Pay). Dit was ook die bymekaarkomplek en sportvelde vir feitlik enige ander sportsoort wat gedurende die 1890's beoefen is. Die krieketklub is in 1897 gestig met die baie ongelyke Markplein as basis. Krieket en rugby was vinnig die publiek se gunsteling vermaaksport en het dan ook in die daaropvolgende jare voorkeurbehandeling vir beter fasiliteite van die munisipaliteit en Raad ontvang.

Die bekendstelling en vestiging van krieket in Suid-Afrika is deur die Britte oorgedra. Die onderwysers het dit aan die skoliere bekendgestel en die "British Military and Naval Units" wat teen die einde van die 1800's in die Kaapse Kolonie gevestig is, het dit aan die algemene publiek bekend gestel. Krieket is eerstens by die hawestede (Kaapstad, P.E. en Durban) gespeel en het vandaar hoofsaaklik langs die treinspoornetwerk ontwikkel. Verwysings na die speel van krieket by die skole in Wellington word rondom die 1870's aangetref in geskiedskrywings deur veral Engelse onderwysers, bv. J.G. Maynard en mnr. Robert MacCrone. Die Kennedy-familie se oorvertellings verwys ook hierna. Hulle sê ook dat W.K.K. een jaar na die Malmesbury Krieketklub gestig is en een jaar voor die Wellington Rugbyklub. Die onderskeie stigtingsdatums bevestig dit.

In sy boek "W.P. Cricket 100 Not Out" deur A.C. Parker bekende sportskrywer van die Cape Argus (oorlede 2000), verwys hy na die hoeveelheid krieket wat op die platteland gespeel is ten tyde van die stigting van die W.P. Krieketunie in 1890. Hy verwys na al die dorpe rondom Wellington, behalwe Wellington self. In gesprekke met hom meld hy dat hy geen amptelike bronne of verwysings na klubkrieket in Wellington, voor of tot die 1890's, kon kry nie. Ons kan met redelikheid aanvaar dat van die beter spelers klubkrieket by die Paarl-klub gespeel het, soos ook die gebruik in rugby was.

Wellington Krieketklub het spoedig swaar gekry met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899, die Eerste Wêreldoorlog van 1914 - 1918 en die arm, swaarkrydae wat die periode tussenin gekenmerk het. Feitelike inligting tot en met 1921 ontbreek en moet verder deur navorsing en kruisverwysings belig word. Die oudste amptelike dokument is 'n spanfoto van 1907 (deur W.K.K. geskenk aan museum) waarop o.a. die bekende De Villiers-familie verskyn. Pa Dirkie was orrelis van die N.G. Moederkerk en seun M.L. toonsetter van "Die Stem." Dominee M.L. se seuns Dirkie en Jean het later jare op hul beurt ook vir die klub gespeel. Die Kennedy- en De Villiers-familie was dan ook van die stigterslede in 1897. Die klub het gekwyn tot en met sy herlewing in 1921, vanwaar dit 'n leidende rol sou speel in die ontwikkeling van krieket in die eertydse W.P. Platteland, die latere Boland.

In 1892 speel Jerry Kennedy (oupa Jerry) vir die Cape Country Clubs XXII teen Engeland op Nuweland. Dit was toe nie ongewoon om meer as 11, tot soveel as 22, spelers teen die magtige Engelse in te span nie! Met die eerste bal van die wedstryd slaan sy aanvangvennoot, ene C. Eaton, die bal vir 'n ses oor die eertydse hoofpaviljoen. Vir watter klub Kennedy toe gespeel het, is onseker. Hy het wel later, tydens Wellington se maer jare, vir Malmesbury gespeel As grofsmid het hy vanaf sy huis in Voorstraat 29 gewerk. Op 16 Maart 1932 het die Raad verskeie veranderinge van straatname voorgestel, waaronder Voorstraat wat verander moet word na Kennedystraat. Weens verskeie besware het hul die plan laat vaar. In sy agterplaas het hy 'n kolfblad gehad waarop die spelers geoefen het. Die latere sportlegende, oom Pen Basson, het as jong seun in die 1920's na hom, toe reeds 'n middeljarige man, geboul. Wanneer die vinnige Pen hom op die hande (sonder handskoene) raak geboul het en dan weier om verder na die middeljarige te boul, het Oupa Jerry geskree:" Son, when I say bowl you bowl, I will bat!"

Gedurende 1921 het o.a. die volgende persone en families die nuwe era ingelei: Kennedy - oupa Jerry en seun Arnold; Hill - Pa George en seuns Leslie en Stanley; die Gonin-broers - Ds. H.J. en onderwyser C.R; die Jordan-broers Clifford en Edwin (E.A.) van Jordan Skoene-faam; die De Villiers-familie en ander. Die Jordan-familie het finansieel ruim bygedra tot krieket. Die klub het sy krieket gespeel op die eertydse Homestead sportgronde, later Huis MacCrone en die latere Hugenote Laerskool op die hoek van Pentz- en Markstraat. Dit was ook die "Zink Hall" genoem vanweë die sinkplate wat rondom die sportveld opgerig is. Dit was 'n klein veld vir krieket en daar is dan ook allerhande reëls rondom viere en sesse opgemaak. 'n Ses het vier lopies beteken en 'n vier twee lopies. Oom Pen Basson het met sy aansluiting in 1923 by die klub sy krieket gespeel onder die leiding van die Kennedy's en Hills. (Oom Leslie Hill het hom oorreed om te speel nadat hy gesien het hoe ver hy 'n bal gooi!) Sy suster Annie was getroud met A.C. Kennedy (Arnold) en sy jongste broer Stoffel se seun Basie Basson, het as Wellingtonner ook soos oom Pen rugby en krieket vir Boland gespeel. Tans speel Basie steeds krieket vir Wellington se bekende sosiale span. Nog 'n pa en seun was pa Willem Smal wat in die twintigerjare gespeel het, en Errol (skoolgegaan op Wellington), wat later jare lank vir die klub gespeel het.

Die Munisipaliteit het in 1925 die huidige terrein vir die "Wellington Sport Union" vir die beoefening van rugby, krieket en atletiek aangekoop. Die oorspronklike grond van 30 morg is op 28-02-1699 deur W.A. van der Stel aan Phiippe des Prez toegeken as die plaas Klip Valley in

die Blouvleigebied. Sedert 1932 speel W.K.K. sy krieket op die bekende Pen Basson-veld, waarop in 1884 'n opgaardam vir dorpsgebruik gebou is. Die oudste notuleboeke dateer dan ook sedert 1934 en is vir baie jare deur oom Arnold Kennedy bewaar. Na sy afsterwe het sy seun Jerry dit aan die klub vir die eeufeesviering op 24 Maart 2000 en vir geskiedskrywing van Wellington besorg.

Die "W.P. Country Union" (vandag Boland) kry in 1926 lidmaatskap van die "Western Province Cricket Union". A. C. (Arnold) Kennedy begin as sestienjarige (paaltjiewagter) ses Curriebeker-wedstryde vir W.P. vanaf 1933 tot 1935 speel. Dit was 'n groot prestasie omrede plattelandse krieketspelers destyds min geleenthede of erkenning van die W.P.-unie gekry het - dit sou nog vir baie jare die geval wees. In 1955 word hy aangewys as die kaptein van die Suid-Afrikaanse Plattelandspan. Oom Arnold het met sy goeie sporttalent ook die besondere prestasie behaal om vir die W.P. rugby en gholf te speel.

Mnr. J.T. Fisher, eertydse bestuurder van die S.A.D., was van 1928 - 1937 president van Wellington Krieket. Sy seun Billy sneuwel gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Egipte. Mnr. George Hill (vader van Leslie) het vanaf 1938 tot 1947 as president gedien. Dit was oorlogsjare en in 1943 was daar geen algemene jaarvergadering nie. In 1946 was die vise-president die destydse burgemeester en latere bekende politikus, mnr. J.C. (Jan) Bosman, asook bestuurslede ds. M.L. en sy seun Jean. Die bekende Engelse onderwyser, mnr. Jim F. Florence, word in 1948 president en tydens sy 21-jarige ampstermyn tot in 1969 lei hy die klub tot baie hoogtepunte - 'n besondere prestasie vir iemand wat self nooit krieket gespeel het nie! Hy word in 1970 die eerste persoon van W.K.K. wat vereer word met lewenslange erelidmaatskap.

In die jaar 1948 kom die bekende Wellington-krieketleiers en ander in Bainskloof bymekaar en stig die Boland Krieket-unie. Oom Leslie Hill word in 1951 as president verkies, 'n posisie wat hy 21 jaar lank sou beklee en waartydens hy geveg het vir erkenning, geleenthede en die ontwikkeling van krieket op die Bolandse platteland. Tydens die Australië-toer na S.A. in 1949, onthaal Wellington die Aussies op eg Bolandse wyse met 'n dans in die stadsaal en verblyf in die eertydse Bainskloof Hotel.

Die Springbok-krieketspeler Owen Wynne het in 1937 vir Transvaal begin speel. Hy speel vanaf 1947 tot 1959 13 wedstryde vir die Westelike Provinsie, wat 9 Curriebeker-wedstryde asook sy uittrede uit senior krieket na 9 jaar insluit! Die Wellingtonse Ier slaan in 1948/49 die eerste honderdtal, sedert 1913 vir die W.P., teen 'n M.C.C.-toerspan op Nuweland. Hy speel van 1948-1950 in 6 toetse vir die Springbokke saam met legendes soos Dudley Nourse, Eric Rowan en Hugh Tayfield. Sy liefde vir Wellington was alombekend en daar word vertel dat hy in die swaarkrydae as joernalis by die nagredaksie van die Cape Times gereeld met sy motorfiets Kaapstad toe vir werk en weer terug gery het, betyds vir oefeninge en wedstryde. So het hy eenmaal na 'n nagskof 'n honderdtal vir Wellington aangeteken. Sy spanmaats het baie van die spel geleer by die eerste Wellington Springbok. Hy was bekend daarvoor dat hy geen slapheid op die speelveld geduld het nie. Saam met Hugh Matthews (latere erelid) het hy oom Pen Basson die bynaam "Plaas Dugtail" gegee. Dit is omdat hy met sy rit per perdekar vanaf Agter-Paarl, moeg en windverwaaid by die krieketoefeninge aangekom het! Wynne en sy vrou het jare later tragies op 'n seilboot ter see verdwyn en is nooit gevind nie.

Die 1ste S.A. Plattelandse kriekettoernooi word in 1954 gesamentlik op Worcester en Wellington aangebied. Gedurende 1956 speel Jerry en Dennis Bezuidenhout as matriekseuns vir die W.P. Platteland teen die M.C.C.-toerspan van Peter May op die Paarl-veld. Die kaptein was Owen Wynne met oom Arnold, Jerry se pa, ook in die span.

Dit was die ware amateurdae van klubkrieket. Tydens wedstryde het al die gewillige gesinslede gehelp om dit vir die spelers gerieflik te maak. Reëlings is deur spelers se moeders, eggenotes en kinders gedoen. Met min erkenning vir hul ywer, was dames gewis vir dekades die steunpilare. Met die koms van televisie het die tradisie van tee en broodjies deur die dames ongelukkig verdwyn.

In 1966 speel Bobby Simpson se Australiese span op Wellington teen die W.P. Plattelandse Unie. Die Wellington-veld se nuwe gesigskerms was destyds die grootste in die Suidelike Halfrond. Boelie vir die turfblad is tydens die jare vanaf Durban verskeep. Boland het nog nie 'n eie veld gehad nie en het ook gereeld op die Wellington-veld gespeel. Die nuwe klubwapen, "Fleur de Lis", is in 1969 amptelik in gebruik geneem. In dieselfde jaar neem mnr. Rudolf Basson as voorsitter oor by mnr. J Florence. Twee jaar later, in 1971, neem oom Pen Basson oor as voorsitter, tot en met die 1992/1993 seisoen.

In 1971 word Jerry (J.A.) Kennedy en Hannes Fabricius gekies vir die S.A. Platteland-span se toer na Argentinië. Jerry speel vir die S.A. Plattelandspan vanaf 1965 tot 1971. Oom Les Hill ontvang die jaarlikse Jubilee toekenning (silwer beker) van die W.P. Krieketunie vir goeie krieketdiens deur amptenare.

Na lang beplanning en drome wy die klub die nuwe klubhuis op 17 Oktober 1973 in. Die eerstespan verower boonop die Bolandbeker in die inwydingsjaar terwyl die tweedespan die Sanlambeker verower! Die destydse burgemeester, mnr. Con Hofmeyr, speel die dag in die feeswedstryd en lewer die inhuldigingstoespraak. Sy eggenote Edith se oupa, W.A. Joubert, het op 15 Junie 1885 eers grond oorkant die eertydse seunskool (Joubert

Park oorkant die hedendaagse stadsaal) geskenk en later ook grond by die ou Hugenote Laerskool as sportgronde vir o.a. krieket en rugby verkoop. Feitlik dieselfde families wat in die 1920's by die Zink Hall gespeel het, was ook by die nuwe klubhuis betrokke.

Op 26 Mei 1975, na 54 jaar diens, tree oom Les uit as vise-voorsitter van Wellington Krieketklub. Sy tweelingseuns George en Paul was as skoolseuns en jongmans die derde geslag Hills wat vir die klub gespeel het. Die sewentigerjare was ook die einde van 'n era waartydens bekende Wellingtonse Joodse families sedert die stigting vir die klub gespeel en diens gelewer het. Name soos Sarembock, Epstein, Perlman, Michaelowski, Katz en ander was vir dekades betrokke. Mnr. Philip Epstein was een van die groot steunpilare in die vroeër jare en in die 60's het Gerald Sarembock vir Boland gespeel. Met die ontvolking van die Jode uit die platteland het hul betrokkenheid as spelers tot 'n einde gekom. Mnr. Gielie Kropman het as Wellingtonse vryskutjoernalis vir baie jare gesorg dat Wellington se sport goeie dekking in die Engelse dagblaaie ontvang. Sy voorganger was die bekende Imker Hoogenhout van Wellington se Hoogenhout-familie.

In 1976 rig drie bruin Wellington-krieketspelers 'n versoek om lede te word van W.K.K. (Unie) en vir die klub te speel. Wetgewing het dit egter verbied. Wellington, met oom Pen as kaptein, speel dié jaar teen Arcadia van Malmesbury onder leiding van Aubrey Lategan op die Pen Basson-veld. Dit was die eerste wedstryd in die Boland tussen 'n wit en bruin klub.

In 1977 word die bruin Wellington Krieketklub (Sacos) gestig. Weens 'n gebrek aan behoorlike fasiliteite het dit nooit maklik gegaan nie. Nietemin het dit nie die wil om krieket te speel gedemp nie. Goeie spelers soos Appolis Adams, die Abrahams-broers en Theo le Cordeur het hul merk gemaak. Gedurende Junie 1991 het hulle met die hulp van die destydse burgemeester, mnr. Peter Ingwersen as fasiliteerder, vertoë gerig tot eenwording. Met mnre. Herman Bailey, Len Moses, Morgan Moonsamy, oom Pen Basson en sy dagbestuur as onderskeie leiers, is dit binne drie maande afgehandel. Die 1991-seisoen het met 'n verenigde Wellington Krieketklub afgeskop. Die bestuur vir die geskiedkundige 1991/92-seisoen, wat drie gekoöpteerde lede van die bykomende Wellington klub ingesluit het, was:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | H.N. Basson (oom Pen) |
| O/Voorsitter: | Jerry Kennedy |
| Sekretaris: | De Villiers Lategan (Devi) |
| Tesourier: | Kriel van Niekerk |
| Klubkaptein: | Harry Groenewald |
| Wedstrydsekretaris: | Francois de Villiers |
| Addisionele lede: | Piet Bergh |
| | Dappie Smit |
| | Len Moses |
| | Morgan Moonsamy |
| | John Koen |
| | Ian Louw |

Die Algemene Jaarvergadering op 4 Junie 1992 was die eerste algehele demokratiese jaarvergadering met oom Pen as voorsitter.

Die 1950's, 60's, 70's en vroeë tagtigs in die Boland was 'n era wat deur Wellington gedomineer is. Verskeie spelers het die Boland, W.P. Platteland, en die S.A. Platteland met onderskeiding verteenwoordig. Name soos o.a. Japie Neethling, Ivan Gericke (S.A. Platteland in 70's), Piet van Wyk (sedert 1957 vir W.K.K., bekende Boland rugbyspeler en later afrigter) speel 4 wedstryde vir W.P. Platteland in die 60's. Japie Neethling was werksaam by die Jordan-broers, het naby die krieketveld gebly en het vir tien jaar, van ongeveer 1950 tot 1960, die velde Vrydagmiddae voorberei vir speel op Saterdae. Ook speel Koos Olivier en Dennis Bezuidenhout gedurende hierdie tydperk as aanvangsboulers vir W.P. Platteland. Gedurende die suksesvolle 70's was Jerry en Ivan Gericke om die beurt kaptein. In 1985 sluit Wellington die goue era af met die wen van die Thurstonbeker, wat vir baie jare die laaste sou wees. Paarliete soos Elwan Liebenberg, Piet Gelderblom en andere het tydens hierdie einde van 'n era 'n kernrol gespeel. Van toe af sou Wellington vir amper twee dekades bekerloos wees. Die klub het later jare selfs gesukkel om in die boonste liga te bly - met die onvermydelike wat gevolg het. Die impak is hoofsaaklik teweeggebring weens die effek van televisie op die lewenstyl van mense en die verstedeliking van spelers. Die bekende Suid-Afrikaanse krieketspeler in die negentigs (met ouderdom meer as 40) en later Protea keurder, Omar Henry, het die volgende met die skrywer gedeel: Wellington se eerstespan was van die mees kompeterende klub krieketspelers teen wie hy gespeel het in sy lang loopbaan. Hulle was taai en het geveg tot die einde toe.

Die klub verloor in dié tydperk die gebruik van die ou rugby C-veld met die sementblad, ook die "ysterblad" genoem. Die krieketklub het nie die finansies of spelers gehad om die veld te regverdig nie. Die Munisipaliteit het finaal in die laat negentigs die rolbal- en tennisbane hiernatoe verskuif.

Verskeie spelers in die moeilike tydperk het steeds uitgestaan, bv. Jerry Kennedy, Basie Basson, Andy Watts (latere whiskymeester van Sedgewick), Kriel van Niekerk, Louis le Roux en ander. Basie was onderkaptein van die S.A. Plattelandspan in 1985 asook kaptein van die Boland B-span wat die SBW-beker gewen het. Andy Watts was van die Engelse County Derbyshire en het plaaslik ook vir Boland gespeel. Na etlike somers tussen Wellington en Engeland, trou hy met Rudolph Basson

(oudspeler en -voorsitter) se dogter Tania, en vestig homself permanent in Wellington. Met sy Engelse kontakte werf hy talentvolle jong Engelse (Yorkshire) krieketspelers om vir die klub te speel, o.a. Chris Silverwood en Gavin Hamilton (in die vroeë negentigs) en hulle het daarna voortgegaan om onderskeidelik vir Engeland en Skotland internasionale krieket te speel.

Na die 1994/95 seisoen gebeur die onvermydelike. Boland Krieket se Superliga word gewysig en verminder na slegs 10 spanne. Wellington begin die volgende seisoen in die Premierliga (2de). Gedurende die moeilike negentigerjare het verskeie Wellingtonners die klub bymekaar gehou met sosiale geleenthede en fondswerwing, maar met niemand meer as oom Pen, Harry Groenewald (oorlede), Dappies Smit, Piet Bergh, Klaas van Eyssen en andere nie.

In 1993 word Piet Bergh gekies as voorsitter na die uittrede van oom Pen, twee jaar later word hy opgevolg deur Louis le Roux, wat weer twee jaar later opgevolg word deur mnr. Len Moses. Hy word dan ook die voorsitter wat vir die kortste termyn sedert 1925 gedien het, naamlik een jaar! Tydens die 1998-jaarvergadering word De Villiers Lategan as voorsitter verkies.

Die nuwe Boland-kaptein Louis Koen sluit hom in 1999 by die klub aan. Hy word na enkele jare se afwesigheid weer gekies om vir Suid-Afrika (Proteas) te speel en word sodoende die klub se tweede speler wat dit regkry. Boland sluit die seisoen af met die wen van die Standard Bank Beker in die eendagkompetisie onder leiding van Louis Koen - die eerste beker vir Boland in die senior kompetisie sedert sy stigting. Stephen Palframan, oud-Protea paaltjiewagter, het ook in 2001/2002 vir die klub sowel as vir Boland gespeel.

Die 1999/2000-bestuur stel die stigtingdatum van die klub, na aanvanklike onsekerheid hieroor, as die jaar 1897 vas. Die klub hou sy eeufeesviering op 24 Maart 2000 by Provence, Wellington. Die gasspreker by die geleentheid was die president van Boland Krieketraad, mnr. Hendry Paulse, 'n onderwyser van Wellington. Die seisoen word op 'n hoogtepunt afgesluit met die eerstespan wat die Premierliga beker wen en sodoende opskuif na die Superliga vir die volgende seisoen.

Jerry Kennedy word in 2001 vereer met lewenslange erelidmaatskap vir sy bydrae oor 37 jaar as speler vir die klub, asook vir die onbaatsugtige en jarelange voorbereiding van die kolfblad en buiteveld, later ook met die hulp van sy seun Leonard. Hy het 27 jaar vir Boland, 16 jaar vir W.P. Platteland en 6 jaar vir die S.A. Platteland gespeel. 'n Kort uittreksel van hoogtepunte vir die Wellington klub sluit die volgende in. Op 4.01.1969 slaan hy 204 lopies n.u.n. op een dag teen Worcester en op 11.01.1969, tydens dieselfde wedstryd, neem hy 5/47 paaltjies. Op 8.03.1969 teken hy 200 lopies aan en neem 4/29 teen OKP op dieselfde dag! Op 22.03.1969 teken nog 'n honderdtal aan en neem 3 paaltjies teen Worcester. Ivan Gericke teken ook saam met hom 'n honderdtal aan op hierdie dag. Jerry kort 60 lopies aan die einde van hierdie seisoen vir sy 1000 lopies totaal in een seisoen. Gedurende 1990 word Jerry as Wellington se Sportman van die jaar aangewys, met 'n gemiddelde van 100 lopies vir die seisoen. Dit op 'n 50-jarige ouderdom!

Met die jaarvergadering van 2003 volg Piet Hanekom vir Devi Lategan op. Die klub behaal in die 2005/2006 die groot prestasie om vir die eerste keer sedert 1985 die Boland se senior kompetisie te wen, met Basie Basson as afrigter. Hulle wen sowel die tweedag- en die 45-beurt kompetisie en verteenwoordig Boland by die Nasionale Klubkampioenskap. Tydens die toernooi wen hulle die Kaapse klubkampioen Claremont, met verskeie provinsiale en nasionale spelers in hul geledere. Een van Wellington se sterre en die kaptein, was oud-Hugenote Hoërskool-leerder Ryan Groeneveld, wat ook vir Boland gespeel het.

Niël le Roux volg vir Piet Hanekom in 2006 op en tree in 2010 uit. Nog 'n latere provinsiale speler begin gedurende hierdie tydperk sy loopbaan by Wellington, te wete Stiaan van Zyl. Hy gaan voort en speel vir Boland, Cape Cobras asook vir die SA A-span. Marius Groenewald, seun van wyle Harry Groenewald, word tydens die jaarvergadering 2010 verkies as voorsitter.

Die volgende persone het ere-lidmaatskap van die klub ontvang:

1. Jim Florence
2. Hugh Matthew
3. Pen Basson
4. Ted Wicht
5. Jerry Kennedy

Wysiging: 1
Geproeflees: 2 Okt. 2012
Datum bygewerk: 17 Sept. 2012

Kontak: Devi Lategan
e-pos: devi@lategans.co.za
tel(k): 021-873 1154